| Voetpad | 'n Nou straatjie, normaalweg slegs vir voetgangers |
| Voetpad | 'n Geplaveide pad vir voetgangers |

| | |
|---|---|
| Wandelhal | 'n Hoofpad, hoofsaaklik vir voetganger-gebruik wat meestal kommersiële ontwikkelings bedien |
| Weg | Algemene term vir strate, normaalweg, maar nie altyd nie, aan die buitewyke van ontwikkelde gebiede, wat 'n verspeidingfunksie verrig. |
| Wandelpad | 'n Grondpad vir voetgangers |


Notas:

1. Agtervoegsels word nie fisies op naamborde aangebring nie, behalwe wanneer dit noodsaaklik is om tussen soortgelyke name, bv. Bergstraat en Berglaan in Montagu, te onderskei.
2. Met die opstel van Stad Kaapstad se Straatnaambeleid, is dit deur beide hul Xhosa vertaler en 'n onafhanklike vertaler, die "Cape Town International School of Languages" bevestig dat daar geen Xhosa terme vir die agtervoegsels, hierbo vermeld, bestaan nie.


## IV. REËLS VIR DIE TOEKENNING VAN STRAATNOMMERS

Die toekenning van erfnommers word deur Langeberg Munisipaliteit se 'CAD' Operateur behartig en word op die volgende gebaseer:


<table>
<tr><th>Reël</th><th>Illustrasie</th></tr>
<tr><td>Straat – Wes na Oos (Horisontaal)<br><br>Die toekenning van nommers geskied van links na regs, Wes na Oos, met ewe nommers aan die suide-kant van die straat en onewe nommers aan die noorde-kant van die straat.</td><td>Figuur 1: Waar 'n nuwe straat toegang van beide kante het.










Figuur 2: Waar 'n nuwe straat toegang van die weste-kant het.






Figuur 3: Waar 'n nuwe straat slegs toegang van die ooste-kant het (Ken nommers toe van O na W, met ewe nommers aan die S en onewe nommers aan die N).



</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| Straat – Noord na Suid (Vertikaal):<br><br>Die toekenning van nommers geskied van Suid na Noord, met ewe nommers aan die ooste-kant van die straat en onewe nommers aan die weste-kant van die straat. | Figuur 4: Waar ‘n nuwe straat toegang van beide kante het.<br><br>Figuur 5: Waar ‘n nuwe straat slegs toegang van die suide-kant het. (Ken nommers toe van S na N; ewe nommers aan die O en onewe nommers aan die W)<br><br>Figuur 6: Waar ‘n nuwe straat slegs toegang van die noorde-kant het (Ken nommers toe van N na S; ewe nommers aan die O en onewe nommers aan die W).<br> |
| Hoekerf (Twee strate)<br><br>‘n Minimum van 2 straatnommers moet vir ‘n hoekerf voorsien word, met ‘n minimum van 1 straatnommer vir elke aangrensende straat. Die straatnommer wat gebruik word , sal bepaal word deur die posisie van die voordeur van die nuwe of bestaande struktuur. | Figuur 7:<br> |
| Hoekerf (Drie strate)<br><br>n Minimum van 3 straatnommers moet vir ‘n hoekerf voorsien word, met ‘n minimum van 1 straatnommer vir elke aangrensende straat. Die straatnommer wat gebruik word , sal bepaal word deur die posisie van die voordeur van die nuwe of bestaande struktuur. | Figuur 8:<br> |
| Cul-de-sac (Kort):<br><br>Indien daar minder as sewe (7) eiendomme aan dieselfde kant van die straat in ‘n cul-de-sac is, met geen moontlikheid van uitbreiding aan die anderkant van die straat nie, moet nommers opeenvolgend toegeken word. | Figuur 9:<br> |

| | |
|---|---|
| Cul-de-sac (Lank) of Sirkel:<br><br>Die toekenning van straatnommers begin by die ingang van die cul-de-sac (by die hoekerf). Onewe nommers kom aan die suidekant en ewe nommers op die eiland in die middel, met die kleinste ewe nommer by die ingang van die sirkel. | Figuur 10:<br> |
| Publieke oop ruimte / spasie:<br><br>Indien die erf tussen twee strate lê, word nommers aan beide kante toegeken. Die kleinste straatnommer toegeken, word vir administratiewe doeleindes gebruik. | Figuur 11:<br> |
| Bestaande straatnommers:<br><br>In gevalle waar 'n bestaande straat reeds genommer is, moet die bestaande nommers behoue bly, tensy in gevalle van uitsonderlike omstandighede. | |

## V. ADMINISTRATIEWE EN FINANSIËLE OORWEGINGS

Soos bepaal deur die Direkteur: Ingenieursdienste. Die tipe letters wat vir straatnaamtekens gebruik word, moet eenvormig bly,

Straatnommers moet 'n minimum grootte hê, soos bepaal deur die Direkteur: Ingenieursdienste, om maklik leesbaar te wees met inagneming van die spesifieke omstandighede van die eiendom, bv. die aard van die aanliggende pad (spoed waarteen voertuie daarop ry), straatbeligting, ens. Hierdie vereiste moet met die uitreiking van bouplan-goedkeuring gekommunikeer word.

By voltooiing van enige gebou op 'n eiendom, is dit die plig van die eienaar om geskikte adresnommers ter identifikasie van die eiendom te bekom en dit op 'n plek aan te bring, waar dit duidelik van die straat af sigbaar is. Finale goedkeuring vir enige gebou wat op 'n eiendom opgerig is, mag teruggehou word totdat geskikte adresnommers op 'n geskikte wyse vertoon word.

Die koste verbonde aan die toekenning van straatname in nuwe onderverdelings word deur die ontwikkelaar gedra. Indien die Raad die ontwikkelaar is, word die koste deur die Raad gedra.

## ANNEXURE 1

LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

**ADMINISTRATIEWE EN UITVOERENDE KANTOOR**
**ADMINISTRATIVE AND EXECUTIVE OFFICE**

**IOFISI YOLAWULO NEYESIGQEBA**

Private Bag X2, ASHTON 6715

28 Main Road, ASHTON 6715

**Verw/Ref: 15/1/12**

**Navrae/Enquiries: T Brunings**

Councilor's Name and Address

Date

Dear Sir / Madam

**NAMING AND NUMBERING OF STREETS IN ASHTON / BONNIEVALE / MCGREGOR / MONTAGU / ROBERTSON**

Attached please find the following:

- A map indicating streets which need to be named, with preliminary suggestions.
- A table to be filled in with proposed names, alternative names and reasons for naming.
- A map showing the surrounding area and existing street names.

Please contact the Town Planning Department at your earliest convenience to coordinate a meeting to identify and agree on proposed street names for these new streets.

These proposed street names will be checked for any duplication of existing street names, and in terms of compliance with the Council's Street Naming and Numbering Policy, and submitted to Council for a final decision.

Yours faithfully

**JV BRAND**
**MANAGER: TOWN PLANNING**
/tlb

STREET NAMING: ASHTON / BONNIEVALE / MCGREGOR / MONTAGU / ROBERTSON

| Road No. | Suggestion by Town Planning Department | Proposed Name | Alternative Name | Reason for Name |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | |
| 2 | | | | |
| 3 | | | | |
| 4 | | | | |
| 5 | | | | |
| 6 | | | | |
| 7 | | | | |
| 8 | | | | |
| 9 | | | | |
| 10 | | | | |

The above listed street names refer to the attached plan, reference ……………………………………………………………………………………….

I, ………………………………………………………………………….. Ward Councilor for Ward ……………………..….. hereby confirm

that the above street names were discussed as a meeting held on …………………………………………………………………………

and that these names are acceptable to the community affected by these streets.

Signature: ……………………………………………..                                        Date: ………………………………………………

LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

**ADMINISTRATIEWE EN UITVOERENDE KANTOOR**
**ADMINISTRATIVE AND EXECUTIVE OFFICE**
**IOFISI YOLAWULO NEYESIGQEBA**

~TOWN PLANNING DEPARTMENT: MONTAGU ~
3 Piet Retief Street, MONTAGU 6720
**T** +27 23 614 8001 **F** +27 23 614 1841
**E** tbrunings@langeberg.gov.za www.langeberg.gov.za

Ashton, Bonnievale, McGregor, Montagu en Robertson

# BELEID VIR DIE TOEKENNING VAN STRAATNAME EN -NOMMERS

INHOUD

I. INLEIDING

II. PROSEDURE VIR DIE TOEKENNING VAN STRAATNAME EN --NOMMERS IN PRIVAAT- EN OPENBARE ONDERVERDELINGS

III. REËLS VIR DIE TOEKEN VAN STRAATNAME

IV. REËLS VIR DIE TOEKENNING VAN STRAATNOMMERS

V. ADMINISTRATIEWE & FINANSIËLE OORWEGINGS

| | |
|---|---|
| Opgestel deur: | Langeberg Departement Stadsbeplanning |
| Datum: | Mei 2010 |

| |
|---|
| Goedgekeur deur Langeberg Raad |
| Raadsbesluit nr: A2926 |
| Datum: 17 October 2013 |

## I. INLEIDING

1. Die toekenning van name aan strate en ander publieke plekke geskied binne die konteks van die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name; 1998 (Wet 118 van 1998). Dit vorm 'n integrale deel van plekvestiging.

2. Die toekenning van straatname en nommers is ook 'n belangrike, praktiese en eenvoudige munisipale funksie.

3. Dit is belangrik om straatname en -nommers duidelik en akkuraat toe te ken en om sodoende, die volgende moontlik te maak:
    a) Die afhandeling van eiendomsregistrasies (of registrasie van eienaarskap) in nuwe onderverdelings;
    b) Die beskrywing van iemand se woning. Probeer om die vraag, "Waar woon u?" te beantwoord, indien jy nie 'n straatadres en nommer het nie.;
    c) Die voorsiening van 'n posdiens;
    d) Om voorsiening te maak vir verskeie afleweringsstelsels, bv. voorraadvoorsiening aan winkels, die aflewering van huishoudingaankope by wonings, ens.;
    e) Die lewering van munisipale ingenieursdienste en infrastruktuur;
    f) Fakturering vir erfbelasting en munisipale dienste wat verbruik is;
    g) Om vir nooddienste te voorsien, bv. Ambulans- en Polisie-dienste;
    h) Om vir gemeenskapsdienste te voorsien, bv. DBV;
    i) Om te verseker dat inwoners gekontak kan word vir gemeenskapsdeelname doeleindes;
    j) Om data-integriteit binne die munisipaliteit te verseker.

4. Die toekenning van straatname en –nommers moet sonder oponthoud besluit en op rekord geplaas word. Oponthoude is onnodig en onaanvaarbaar aangesien dit tot die volgende bydra :
    - Ongerief en krisisse met betrekking tot ondermeer aflewerings, ingenieursdienste, nooddienste en gemeenskapsdienste;
    - Komplikasies en vertragings met die oordrag van eiendomme na nuwe eienaars;
    - Dat mense steeds "haweloos" voel;
    - Verlies aan inkomste vir die Raad;
5. Die doel van hierdie beleid is om die gestandardiseerde prosedure vir die toekenning van straatname en –nommers in die Langeberg munisiale area te verduidelik asook om die verantwoordelikhede van die onderskeie rolspelers betrokke in die die besluitnemings – en administratiewe prosesse, uiteen te sit, tesame met die tydsaspekte daaraan verbonde.

## II. PROSEDURES VIR DIE TOEKENNING VAN STRAATNAME EN –NOMMERS IN PRIVAAT & OPENBARE ONDERVERDELINGS

Die Langeberg Raad moet die name van strate en publieke plekke per Raadsbesluit toeken. Die Raad sal in alle gevalle die keuse hê om enige voorstel wat ontvang is, te aanvaar of te verwerp. Die Raad kan sy magte om straatname en –nommers toe te ken, per resolusie aan 'n genomineerde beampte afwentel. Die prosedure wat gevolg moet word, word hieronder uiteengesit:

| | PROSEDURE VIR DIE TOEKENNING VAN STRAATNAME EN -NOMMERS | VERANTWOORDELIKE DEPT./ INDIVIDU | GESKATTE TYDS= RAAMWERK |
|---|---|---|---|
| 1. | **IDENTIFISERING VAN DIE BEHOEFTE**<br>Identifiseer die behoefte om straatname toe te ken / om probleemsituasies m.b.t. bestaande name en nommers op te los. Identifiseer straatname in omliggende areas (±5km radius vanaf terrein) | Ontwikkelaar/ Gemeenskap<br>Bestuurder: Stadsbeplanning | Gelyklopend met die voorbereiding van die nuwe uitlegte. |
| 2. | **AANSOEK – PRIVAAT ONTWIKKELING:**<br>Die voorstel word deur ontwikkelaar by die Bestuurder: Stadsbeplanning ingedien met die vlg:<br>- Plan wat strate, voorgestelde name & alternatiewe name aandui;<br>- Kort beskrywing van redes vir straatnaam-keuses;<br>- Bewys van grondeienaarskap van die persoon wat aansoek doen. | Ontwikkelaar | Gelyktydig met die indiening van die uitlegplanne vir goedkeuring. |
| | **AANSOEK – OPENBARE ONTWIKKELING:**<br>a. Voorsiening van kaarte en inligting aan Wyksraadslid, in standaard vorm (sien Aanhangsel 1) tesame met die voorlopige naamsvoorstelle.<br>Let wel: Waar die pad wat vernoem moet word, of 'n gedeelte daarvan, aan 'n ander regeringsfeer behoort, moet die konsultasie proses die betrokke departement insluit. | Bestuurder: Stadsbeplanning | Sodra die uitlegplanne beskikbaar is |
| | b. Konsultasie met die Wykskomitee & enige ander betrokke party wat die Raad mag goed ag, met inagneming van die grootte en funksionele impak van die straat / plek wat vernoem staan te word. | - Wyksraadlid (gemeen-skapsdeelname)<br>- Bestuurder: Stadsbeplanning (Administratiewe & Tegniese Steun) | Binne een (1) maand vandat uitlegplanne aan die Raadslid voorsien is. |
| | c. Voorstel word deur die Wyksraadslid by die Bestuurder: Stadsbeplanning ingedien met die volgende:<br>- Plan wat die strate, voorgestelde name & alternatiewe name aandui;<br>- 'n Kort beskrywing van die redes vir die straatnaam-keuses;<br>- Die Wyksraadslid se handtekening dat die voorgestelde name deur die gemeenskap aanvaar word en/of die notule van die Wykskomitee- / gemeenskapsvergadering. | Wyksraadslid<br><br>Bestuurder: Stadsbeplanning | Binne twee (2) weke vanaf die datum waarop die wykskomitee- / gemeenskaps= vergadering gehou is. |
| 3. | **BEOORDELING:**<br>Die aansoek word beoordeel na aanleiding van die beleid en die verslag word aan die Raad voorgelê vir besluit. | Bestuurder: Stadsbeplanning | Binne twee (2) weke vanaf indiening van die voorstel. |
| 4. | **BESLUIT:**<br>Die Raad neem 'n besluit om die voorgestelde name te aanvaar of nie. Duidelike redes moet voorsien word indien die voorgestelde name nie aanvaar word nie. | Die Raad | By die vroegste beskikbare Raadsvergadering |
| 5. | **OPDATERING VAN DIE RUIMTELIKE DATABASIS:**<br>Straatnommers word toegeken en die Raad se straatkaarte word opdateer | 'CAD' - Operateur | Binne twee (2) weke vanaf kennisgewing van die besluit |
| 6. | **KENNISGEWING VAN BESLUIT:**<br>'n Kopie van die raadsbesluit en finale kaart word aan die ontwikkelaar voorsien asook aan enige ander betrokke party soos deur die Raad gepas geag, bv. Bestuurder: Verkeersdienste, | Bestuurder: Stadsbeplanning | Binne een (1) week vandat die opgedateerde kaart beskikbaar is. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Bestuurder: Ingenieursdienste, Landmeter-Generaal, SAPD, Posdienste, ens. Indien die goedkeuring enige veranderings aan bestaande nommers insluit, moet die geaffekteerde grondeienaars ook in kennis gestel word. | | |
| 7. | **OPRIG VAN STRAATNAAMBORDE:** Straatname word fisies aangebring, bv. op naamborde of op randstene geverf. | Privaatontwikkelaar of 'n kontrakteur aangestel vir openbare ontwikkeling (moet by die kontrakteurstender ingesluit wees) | Binne twee (2) maande nadat kennis van goedkeuring ontvang is |
| 8. | **ONDERHOUD:** Volgehoue onderhoud van bestaande straatnaamborde | Bestuurder: Verkeersdienste | Voortdurend, soos per aanvaarde program of geïdentifiseerde behoefte |

## III. REËLS VIR DIE TOEKENNING VAN STRAATNAME

1. Geen straatname sal binne enige dorp gedupliseer word nie.
2. Geen name met soortgelyke spelling sal in dieselfde woongebied, of in woongebiede langs mekaar, of binne 5km van mekaar, toegelaat word nie.
3. Geen name wat foneties eenders klink sal in dieselfde woongebied, of woongebiede langs mekaar, of binne 5km van mekaar, toegelaat word nie.
4. Name moet, sover moontlik, inpas by die tema van die omliggende straatname, wanneer dit binne 'n bestaande area val.
5. Waar 'n straat deur 'n natuurlike of mensgemaakte versperring versteur word, mag die oorblywende gedeelte van sodanige straat, in die geskikte taal, vernoem word deur 'n geskikte aanwyser, soos Noord, Suid, Oos, Wes, Laer, Bo, Sentraal of Uitbreiding, aan een of beide gedeeltes te voeg.
6. Om verwarring te voorkom, moet 'n aaneenlopende straat sy naam vir die duur van sy lengte behou.
7. Slegs geskikte agtervoegsels of hul aanvaarde afkortings mag gebruik word (Tabel 1 hieronder dien as gids in hierdie opsig).
8. 'n Agtervoegsel wat aan 'n straatnaam gekoppel word, maak deel uit van sodanige naam en moet, sover moontlik, in dieselfde taal as die straatnaam wees.
9. Die normale taalkundige reëls geld vir agtervoegsels. (In Afrikaans vorm agtervoegsels aan naamwoorde, behalwe eiename, een woord, terwyl ander los van mekaar geskryf word).
10. Indien 'n straatnaam vertaal kan word, bv. Langstraat / Long Street, lê die keuse by die Raad oor watter naam om te vertoon.
11. Die lengte van 'n naam moet verkieslik beperk word tot wat prakties moontlik op naamborde en op kaarte ingepas kan word, nl. nie meer as 20 karakters nie - spasies ingesluit.

12. Name mag nie vir enige gemeenskap of deel van 'n gemeenskap aanstootlik wees nie.

13. Indien historiese name gebruik word, moet dit histories korrek en relevant wees.

14. Geen strate sal na lande of lewende persone vernoem word nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede, soos deur die Raad ooreengekom. Enige voorstelle om strate na persone te vernoem, moet vergesel word van 'n gedetailleerde motivering waarin aangedui word waarom sodanige persoon waardig is om die eer toe te val. In uitsonderlike gevalle waar 'n persoon se naam gebruik word, moet beide naam en van van sodanige persoon gebruik word, as weerspieëling van die eer wat hom/haar toeval.

15. Straatname word, op diskresie van die Direkteur: Ingenieursdienste op geskikte plekke en met voldoening aan die toepaslike standaarde, op naamborde of randstene, vertoon.

<u>Tabel 1: Agtervoegsels en aanvaarde afkortings om strate mee te beskryf</u>
(Bron: Oorwegend gebaseer op Stad Kaapstad se Straatnaambeleid van 2002)

| **AFRIKAANS** | **DEFINISIE / GEBRUIK VIR** |
|---|---|
| Boulevard (Blvd) | 'n Breë, pretensieuse straat, gewoonlik met tuinboukundige kenmerke of landmerke |
| Bospad | 'n Ondergeskikte pad met opvallende tuinboukundige kenmerke |
| Hof | Soos 'n vierkant/plein, maar normaalweg omring met residensiële geboue |
| Laan (Ln) | 'n Stadsstraat normaalweg met opvallende tuinboukundige kenmerke |
| Parkweg (PW) | 'n Dubbelbaanryvlak met slegs beperkte, sein beheerde of wisselaar toegang en met tuinboukundige kenmenke |
| Plek | Cul-de-sac |
| Plein (Pln) | 'n Pad, of gedeelte van 'n pad wat soos 'n reghoek of vierkant lyk |
| Rylaan(Rln) | 'n Relatief lang, normaalweg skilderagtige roete, dikwels 'n hoof- / busroete |
| Singel (Sng) | 'n Kronkel of geboë straat, normaalweg relatief kort |
| Slot | 'n Doodloopstraat |
| Sirkel | 'n Pad wat rofweg 'n sirkel vorm |
| Straat (Str) | Algemene term vir paaie in ontwikkelde gebiede |
| Steeg | 'n Kort, nou straatjie |
| Terras (Ter) | 'n Pad, normaalweg vir voetgangers, wat hoër-liggende huise bedien |
| Trappe | 'n Straat met trappe – slegs vir voetganger gebruik |
| Verbypad | 'n Normaalweg wye pad wat verkeer om ontwikkelde gebiede lei |
| Voetpad | 'n Nou straatjie, normaalweg slegs vir voetgangers |
| Voetpad | 'n Geplaveide pad vir voetgangers |




| | |
|---|---|
| Wandelhal | 'n Hoofpad, hoofsaaklik vir voetganger-gebruik wat meestal kommersiële ontwikkelings bedien |
| Weg | Algemene term vir strate, normaalweg, maar nie altyd nie, aan die buitewyke van ontwikkelde gebiede, wat 'n verspeidingfunksie verrig. |
| Wandelpad | 'n Grondpad vir voetgangers |







Notas:



1. Agtervoegsels word nie fisies op naamborde aangebring nie, behalwe wanneer dit noodsaaklik is om tussen soortgelyke name, bv. Bergstraat en Berglaan in Montagu, te onderskei.
2. Met die opstel van Stad Kaapstad se Straatnaambeleid, is dit deur beide hul Xhosa vertaler en 'n onafhanklike vertaler, die "Cape Town International School of Languages" bevestig dat daar geen Xhosa terme vir die agtervoegsels, hierbo vermeld, bestaan nie.

## IV. REËLS VIR DIE TOEKENNING VAN STRAATNOMMERS

Die toekenning van erfnommers word deur Langeberg Munisipaliteit se 'CAD' Operateur behartig en word op die volgende gebaseer:

| Reël | Illustrasie |
|---|---|
| Straat – Wes na Oos (Horisontaal)<br><br>Die toekenning van nommers geskied van links na regs, Wes na Oos, met ewe nommers aan die suide-kant van die straat en onewe nommers aan die noorde-kant van die straat. | Figuur 1: Waar 'n nuwe straat toegang van beide kante het.<br><br><br>Figuur 2: Waar 'n nuwe straat toegang van die weste-kant het.<br><br><br>Figuur 3: Waar 'n nuwe straat slegs toegang van die ooste-kant het (Ken nommers toe van O na W, met ewe nommers aan die S en onewe nommers aan die N).<br><br> |

<table>
<tr>
<td>Straat – Noord na Suid (Vertikaal):<br><br>Die toekenning van nommers geskied van Suid na Noord, met ewe nommers aan die ooste-kant van die straat en onewe nommers aan die weste-kant van die straat.</td>
<td>Figuur 4: Waar ‘n nuwe straat toegang van beide kante het.<br>

<br>
Figuur 5: Waar ‘n nuwe straat slegs toegang van die suide-kant het. (Ken nommers toe van S na N; ewe nommers aan die O en onewe nommers aan die W)<br>

<br>
Figuur 6: Waar ‘n nuwe straat slegs toegang van die noorde-kant het (Ken nommers toe van N na S; ewe nommers aan die O en onewe nommers aan die W).<br>

</td>
</tr>
<tr>
<td>Hoekerf (Twee strate)<br><br>‘n Minimum van 2 straatnommers moet vir ‘n hoekerf voorsien word, met ‘n minimum van 1 straatnommer vir elke aangrensende straat. Die straatnommer wat gebruik word , sal bepaal word deur die posisie van die voordeur van die nuwe of bestaande struktuur.</td>
<td>Figuur 7:<br>

</td>
</tr>
<tr>
<td>Hoekerf (Drie strate)<br><br>n Minimum van 3 straatnommers moet vir ‘n hoekerf voorsien word, met ‘n minimum van 1 straatnommer vir elke aangrensende straat. Die straatnommer wat gebruik word , sal bepaal word deur die posisie van die voordeur van die nuwe of bestaande struktuur.</td>
<td>Figuur 8:<br>

</td>
</tr>
<tr>
<td>Cul-de-sac (Kort):<br><br>Indien daar minder as sewe (7) eiendomme aan dieselfde kant van die straat in ‘n cul-de-sac is, met geen moontlikheid van uitbreiding aan die anderkant van die straat nie, moet nommers opeenvolgend toegeken word.</td>
<td>Figuur 9:<br>

</td>
</tr>
</table>

| | |
|---|---|
| Cul-de-sac (Lank) of Sirkel:<br><br>Die toekenning van straatnommers begin by die ingang van die cul-de-sac (by die hoekerf). Onewe nommers kom aan die suidekant en ewe nommers op die eiland in die middel, met die kleinste ewe nommer by die ingang van die sirkel. | Figuur 10:<br> |
| Publieke oop ruimte / spasie:<br><br>Indien die erf tussen twee strate lê, word nommers aan beide kante toegeken. Die kleinste straatnommer toegeken, word vir administratiewe doeleindes gebruik. | Figuur 11:<br> |
| Bestaande straatnommers:<br><br>In gevalle waar 'n bestaande straat reeds genommer is, moet die bestaande nommers behoue bly, tensy in gevalle van uitsonderlike omstandighede. | |

## V. ADMINISTRATIEWE EN FINANSIËLE OORWEGINGS

Soos bepaal deur die Direkteur: Ingenieursdienste. Die tipe letters wat vir straatnaamtekens gebruik word, moet eenvormig bly,

Straatnommers moet 'n minimum grootte hê, soos bepaal deur die Direkteur: Ingenieursdienste, om maklik leesbaar te wees met inagneming van die spesifieke omstandighede van die eiendom, bv. die aard van die aanliggende pad (spoed waarteen voertuie daarop ry), straatbeligting, ens. Hierdie vereiste moet met die uitreiking van bouplan-goedkeuring gekommunikeer word.

By voltooiing van enige gebou op 'n eiendom, is dit die plig van die eienaar om geskikte adresnommers ter identifikasie van die eiendom te bekom en dit op 'n plek aan te bring, waar dit duidelik van die straat af sigbaar is. Finale goedkeuring vir enige gebou wat op 'n eiendom opgerig is, mag teruggehou word totdat geskikte adresnommers op 'n geskikte wyse vertoon word.

Die koste verbonde aan die toekenning van straatname in nuwe onderverdelings word deur die ontwikkelaar gedra. Indien die Raad die ontwikkelaar is, word die koste deur die Raad gedra.

**ANNEXURE 1**

LANGEBERG
MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY MASIPALA

**ADMINISTRATIEWE EN UITVOERENDE KANTOOR**
**ADMINISTRATIVE AND EXECUTIVE OFFICE**

**IOFISI YOLAWULO NEYESIGQEBA**

Private Bag X2, ASHTON 6715

28 Main Road, ASHTON 6715

**Verw/Ref: 15/1/12**

**Navrae/Enquiries: T Brunings**

Councilor's Name and Address

Date

Dear Sir / Madam

**NAMING AND NUMBERING OF STREETS IN ASHTON / BONNIEVALE / MCGREGOR / MONTAGU / ROBERTSON**

Attached please find the following:

- A map indicating streets which need to be named, with preliminary suggestions.
- A table to be filled in with proposed names, alternative names and reasons for naming.
- A map showing the surrounding area and existing street names.

Please contact the Town Planning Department at your earliest convenience to coordinate a meeting to identify and agree on proposed street names for these new streets.

These proposed street names will be checked for any duplication of existing street names, and in terms of compliance with the Council's Street Naming and Numbering Policy, and submitted to Council for a final decision.

Yours faithfully

**JV BRAND**
**MANAGER: TOWN PLANNING**
/tlb

STREET NAMING: ASHTON / BONNIEVALE / MCGREGOR / MONTAGU / ROBERTSON

| Road No. | Suggestion by Town Planning Department | Proposed Name | Alternative Name | Reason for Name |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | |
| 2 | | | | |
| 3 | | | | |
| 4 | | | | |
| 5 | | | | |
| 6 | | | | |
| 7 | | | | |
| 8 | | | | |
| 9 | | | | |
| 10 | | | | |

The above listed street names refer to the attached plan, reference ……………………………………………………………………………………….

I, ……………………..……………………………………………….. Ward Councilor for Ward ……………………..….. hereby confirm

that the above street names were discussed as a meeting held on ……………………………………………………………………

and that these names are acceptable to the community affected by these streets.

Signature: ……………………………………………..

Date: ……………………………………………….